Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, February 12, 2023

Page: 16

# Só word vroue geminag

## Sorg van jongs af vir jouself, want egskeidings gebeur



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Die wêreld draai om geld.

Of is dit seks?

Kyk bietjie na die nuus.

Prins Harry, lees ons, se manlike roede het vriesbrand opgetel. Van alle dinge. Hoekom weet ons. Dit was koud. Maar hoe?

En Zeenat Simjee en Elton Jantjies se beweerde gekafoefel by die gastehuis. Elton sê dit was met haar. Zeenat sê, nee, sy weet daarvan, maar dit was met iemand wat lyk soos sy.

Die SA Rugbyraad neem haar saam Wêreldbeker toe om na die Bokke se dieet te kyk. Maar terselfdertyd kom hulle met 'n verordening wat sê as jy verlief raak op iemand by die werk moet jy dit verklaar. As jy seks gehad het met 'n kollega ook.

Regtig?

Stel jou voor: "Mark (Alexander), ek het gisteraand 'n gelukkie opgetel met…"

**Dis 'n outydse vertolking**

Die seksbeheptheid wat ek graag wil beklemtoon lees ons oor in verlede Sondag se *Rapport* (bl. 9): "Dwaling oor vroue 'sal kerk begrawe'."

Kortliks, 'n spul mans het by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se algemene sinode se sitting gemeentes wat vroue as ouderling of predikant aanstel, beskuldig van skeuring, leerdwaling en "eerloosheid voor die Here".

En daar dink ek terstond aan die Taliban van Afganistan wat vroue verbied om skool te gaan.

Is my vergelyking verregaande?

Dink bietjie. Is albei nie vorms van minagting en onderdrukking gegrond op geslag nie?

Is albei nie die gevolg van 'n bepaalde (Middeleeuse) vertolking van geloof nie?

Die twee gelowe verskil dalk, maar die ooreenstemmende beheptheid met seks en onderdanigheid van een geslag teenoor die ander is opvallend.

Ek dink die Broeders Gereformeerd dop die toets.

Nietemin, dalk was dit nou 'n lang inleiding tot my punt vandag. En dit is dat vroue (gewoonlik) aan die kortste ent trek as dit kom by huishoudelike geldsake en finansiële beplanning.

En die hoekom daarvoor is dat vroue van kleins af (in baie gevalle nog) geleer word om aan mans onderdanig te wees.

Om mans die belangrike finansiële besluite te laat neem.

**Dis die risiko as jy jou dogter onderdanig grootmaak.**

**'n Leser vra**

Hier is die storie van 'n leser. Sy is 53 jaar oud. Onlangs geskei. Sy verdien R14 000 per maand. Sy het R10 000 in die bank. Dis al.

Ek moet help met finansiële advies.

Dit is vir my 'n eindelose bron van frustrasie as ek weet ek kan help, maar daar's nie die finansiële middele om mee te werk nie.

My advies?

■ Pas jou werk op en probeer werk so lank jy kan;

■ Spaar soveel van jou R14 000 per maand as wat jy kan. Probeer minstens R2 000 per maand spaar;

■ Hou jou geld in die bank en spaar nog so 'n bietjie daarby.

Die rede is dat jy nie kan bekostig om beleggingsrisiko aan te gaan nie.

Daardie geld moet eerder as 'n noodfonds dien;

■ As jy so R20 000 het, kan jy oorweeg om voortaan te belê in 'n veilige fonds, soos 'n inkomstefonds, sodat jy darem inflasie kan klop oor tyd;

■ R2 000 per maand teen 9%-groei per jaar sal vir jou teen aftree-ouderdom (65) 'n neseiertjie van R519 288 gee.

Dis nie 'n druppel aan die aftree-emmer nie, maar liewer dit as heeltemal niks;

■ Bly liewer weg van makelaars. Baie sal 'n polis probeer smous wat nie die oplossing vir jou probleem is nie.

En jy kan dit nie nou bekostig nie; en

■ Hou jou gesondheid dop; daarsonder is jy dalk jou werk kwyt en daarmee saam jou finansiële toekoms.

**Vroue moet self dink**

Hierdie is een voorbeeld.

Ook 'n voorbeeld van hoe min daar gedoen kan word vir iemand wat nie genoeg voorsiening gemaak het vir die later jare nie. Op 53 het 'n vrou 'n lewensverwagting van nog so 25 jaar.

In ons leser se geval sal sy, om net 75% van haar huidige salaris te kan trek ná aftrede op 65 jaar, met inkomstegroei van 5% en 9% beleggingsgroei per jaar, R1 241 218 moet spaar. Op 'n salaris van R14 000 per maand is dit nie maklik haalbaar nie.

Dit help nie jy wag totdat jy in die situasie is voordat jy iets daaraan probeer doen nie.

Dit, en dit is my waarskuwing vandag, is die risiko as jy jou kinders (dogter) in 'n huis grootmaak waar vroue onderdanig moet wees en minder geag word. Al word hulle net verbied om ouderlinge of predikante te word, dit is 'n laer status.

Dit skep 'n manier van dink. 'n Manier van hoe dinge gedoen word. 'n Geloof.

Vroue (mans ook, maar ek gesels spesifiek met vroue vandag) moet vroeg in hul lewe begin spaar.

Pasop vir die slagyster om die geldsake net in manlief se hande te los. Egskeidings is 'n werklikheid.

Nee, ek sê nie jy moet beplan vir 'n egskeiding nie. Dis 'n negatiewe manier van leef. Maar jy kan beplan aan jou eie welvaart. Doen dit betyds en volledig. Jy is dit aan jouself verskuldig.

Die een ding wat jy nie kan bekostig nie, is dat jou geld voor jou "doodgaan".

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.**



**Dollar as kop-af: Steve McQueen en Ali MacGraw in *The Getaway*. Pasop vir die slagyster om die geldsake net in manlief se hande te los.** | FOTO: GETTY IMAGES

## BTW: Kyk mooi na daai faktuur

Ons betaal belasting op toegevoegde waarde (BTW) op alles.

Of byna alles. Ons is gewoond daaraan. Maar ek wonder hoeveel van ons kyk regtig met kritiese oë na daardie faktuur. Betaal jy nie dalk twee keer BTW vir dieselfde produk nie?

Ons praat van uitgawes wat namens jou aangegaan word deur die verskaffer van byvoorbeeld die diens. Uitgawes waarvoor jy self betaal, maar waarvoor die verskaffer net eers instaan deur solank daarvoor te betaal. Byvoorbeeld, jy laat opknappings doen aan jou nuwe 4x4 vir 'n bosvakansie wat voorlê.

Maatskappy A doen die werk en verskaf sekere onderdele. Daarvoor hef hy BTW en jy betaal.

Maar jy vra ook dat maatskappy A vir jou 'n dakrak opsit, wat hy namens jou by maatskappy B moet aankoop. Maatskappy A betaal solank daarvoor, BTW ingesluit, kom ons sê maar R2 000. Jy betaal hom later terug wanneer jy jou rekening vereffen.

Dit is die sleutel. Maatskappy A voeg nie waarde toe met die dakrak nie – hy betaal voorlopig namens jou daarvoor.

Waarvoor jy moet ligloop, is dat maatskappy A nie BTW hef op die R2 000 van die dakrak nie. Jy het reeds die BTW daarop betaal en jy moet nie 'n sent meer as R2 000 daarvoor betaal nie.

Kyk na jou faktuur. Jy wil nie dubbel BTW betaal nie.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.